



GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

INFO 15/2024

11 Oktober 2024



Van die skoolhoof



Liewe GSDP-gemeenskap

Ontbreekte wysheid?

En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid ... (Jakobus 1:5a)

Wanneer Salomo koning oor Israel word, wag 'n groot taak op hom. Hy besef dit en vra vir God vir wysheid.

Die kern van die boek Jakobus handel oor wysheid. Praktiese wysheid vir Christene in hul daaglikse lewens. Die mens word telkens gekonfronteer met vrae wat beantwoord moet word, keuses wat gemaak moet word en besluite wat geneem moet word. Hoe moet 'n Christen handel in 'n moeilike, soms selfs 'n vyandige omgewing?

Jakobus wil met sy brief aan die hand van verskeie sake uit die gewone lewe, mense help om hul Christenskap prakties uit te leef. Vers 5 handel oor die Skriftelike wysheid wat ons in Spreuke vind. Hierdie wysheid beteken om te vra na aanwysings om die regte roete te kan volg.

By 'n skool het ons voortdurend hierdie wysheid nodig, onderwysers bid vir wysheid en 'n antwoord oor hoe om 'n kind met bepaalde uitdagings te help of sy gedrag te verander, of die skoolbestuur soek na oplossings om die skool finansiële verantwoordelik te bestuur. Daar moet klein besluite oor datums, groot besluite oor roosters en ingrypende besluite oor finansies geneem word, ons kan die lys uitgebrei. Al hierdie genoemde sake kan moeilik wees om oor te besluit. Die vraag is - waar vind ons wysheid om die regte besluite te neem en so die regte ding te doen?

Jakobus het 'n duidelike eenvoudige antwoord, "laat hom dit van God bid".

Letterlik beteken dit, daar moet gevra word na die gewende God. Die Here gee aan die wat vra. Hy gee onvoorwaardelik en onomkeerbaar, sonder enige bymotiewe, mildelik! En Hy doen dit sonder verwyte.

Maar hoe vra ons? Ons moet in geloof vra, sonder twyfel. Jakobus skryf verder aan die gelowiges om hul tot God te wend met onverdeelde harte, met vertroue in Hom. Dit is 'n gawe van God om met elke dag vol vertroue en biddend in te stap: HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie. "Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U ver wag ek die hele dag." (Psalm 25: 4-5)

In ons daaglikse lewens by die skool, die huis, die kerk, ons stad en ons land, leer die Skrif ons om in afhanklikheid voor die Here te buig en Hom te vra vir wysheid vir elke situasie waarin ons onself bevind.

Vriendelike groete

Saskia Meijer



Beplanner

- **11 Okt:** Bybelvasvra-finaal
- **11 Okt:** HS-Matriekdiens
- **15 Okt:** Oupa-en-oumadag
- **17 Okt:** Kerkgeskiedenis-boekbekendstelling
- **18 Okt:** Gr.7-speletjiesdag te HS
- **18 Okt:** Verkope 4C
- **21 Okt:** Gr.12-eksamen begin
- **25 Okt:** Verkope 4P
- **31 Okt:** Gr.11-eksamen begin
- **4 Nov:** Gr.8 - 10-eksamen begin
- **18 Nov:** Laerskooleksamen begin



Veiligheid by die skool

Die veiligheid by die skool, veral tydens **op- en aflaai** bly 'n uitdaging. Joseph probeer saam met die onderwysers hul bes om die omgewing so veilig as moontlik te hou. Ons het ook panieknoppies van Kilnerpark Sekuriteit aangekoop om hulle te help.

Daar is egter twee hekke oop en die afgelope week was daar twee keer mense op die terrein wat nie daar hoort nie. Die toegangsbeheer is dus tydens die op-en aflaai nie heeltemal na wense nie. Om 'n veiligheidswag aan te stel, gaan die ouers meer as R16 000 per maand kos. Dit is onbekostigbaar.

Ouers, ons doen dus 'n dringende beroep op julle om saam met ons **waaksaam** te wees. Om dit vir Joseph ook makliker te maak, gaan ons 'n hernude beroep op almal doen om die skool se **plakker** in julle voertuie aan te bring. Die plakker is by die laerskoolkantoor beskikbaar. Sodoende kan Joseph ook voertuie wat nie deel is van die skoolgemeenskap nie, herken en optree indien nodig.

Baie dankie vir u samewerking
Saskia Meijer

Baie dankie

Die **voorstoepe** by die laerskool se kantoor was 'n kopseer. Ons het al aan kreatiewe planne gedink om die lelke kraak te verbloem- 'n potplant bo-oor gesit, uitgevind of 'n rubber mat sal werk en selfs gedink om 'n deel te mosaïek.

'n Ouer het egter een middag van ons dilemma gehoor en vinnig 'n plan gemaak. Joseph en Ephraim het die ou teëls sowel as die gom uitgekap en die ouer se kontak het 'n Saterdag opgeoffer om die stoep te herstel met pragtige nuwe teëls.

Ons is baie dankbaar vir hierdie **vrygewige gebaar** en as skoolgemeenskap het ons groot waardering hiervoor.



Rook op die terrein

'n Vriendelike versoek van die skool se kant af om asb. nie op die skoolterrein te **rook** nie. Dit gebeur soms as ouers hul kinders op- of aflaai dat daar gerook word. Ons het 'n klagte daarvoor ontvang en vra dat ons mekaar hieroor respekteer.

GSDP benodig 'n groterige **yskas** vir ons fondsinsamelingsprojekte. Die aarbeie- en bloubessieprojek is 'n lonende projek, maar ons sal nie kan voortgaan daarmee as ons nie 'n yskas hiervoor het nie.

Die yskas word ook vir ander funksies soos die Dopperspele, sportgeleenthede en ander benodig. Indien iemand dalk 'n yskas wil skenk of wil bydra sodat ons een kan aankoop, sal ons baie dankbaar wees. U kan die donasie in die skoolrekening betaal met verwysing: YSKAS.



Kerkgeskiedenis

Die vak **kerkgeskiedenis** is vir ons baie belangrik, aangesien dit 'n wonderlike hulpmiddel is om kinders te laat sien hoe Jesus Christus deur sy troue liefde die kerk deur al die eeue teen die aanslae van die duiwel en die wêreld bewaar. Tog weet ons dat hierdie vak baie keer kan verval in koue feite wat nie vir die kinders relevant is nie. Geheuesisteme is gebou op assosiasies, om moeilike geskiedenis te verpak in 'n storie, is 'n vorm van assosiasie. 'n Kind gaan 'n storie baie makliker onthou as 'n klomp feite.

Ons is dus baie opgewonde om mee te deel dat 'n splinternuwe kerkgeskiedenis handboek, propvol boeiende verhale, bekendgestel word. Hierdie pragtige boek is deur **ds. Pieter en sy vrou Jenny Boon** geskryf en geïllustreer. Ons uiteindelijke doel met hierdie projek is om die reeks uit te brei sodat dit uit vier dele bestaan. Hierdie dele sal dan strek vanaf die jaar 30 tot vandag.

Die boek gaan vanaf volgende jaar 'n voorgeskrewe handboek vir graad 4 -11 wees, wat ouers self moet aankoop. Sodoende kan elke kind sy eie boekrak stelselmatig opbou met 'n pragtige reeks. Die inhoud is so geskryf dat dit vir laer- sowel as hoërskole voorsiening maak. Dit is ook 'n reeks wat selfs vir katkisasie gebruik kan word.

U word hartlik uitgenooi om die boekbekendstelling op **17 Oktober** by **Gereformeerde Kerk Kandelaar** om **18:30** by te woon.

Gereformeerde Skool Dirk Postma bied aan:

BOEKBEKENDSTELLING VAN

KERKGESKIEDENIS

vir jonk en oud (30-500 AD)
deur Pieter en Jenny Boon

KOFFIE EN VERVERSINGS

 **17** Oktober
2024

18:30

 **Gereformeerde Kerk Kandelaar,
Codonialean, Waverley, Pretoria**

Strokies by Pick en Pay Waverley

Baie dankie aan elke ouer, familielid, vriende en somer die hele gemeenskap wat getrou hul winkelstrokies by **Pick n Pay** in die houer vir Dirk Postma "pos". Ons is tans **derde** van die skole wat deelneem.

Hiermee herinner ons ook almal wat nie daarvan bewus was nie om asb. u winkelstrokies daar te "pos". Dit lewer op die ou end 'n mooi bedrag op waarmee ons weer iets by die skool kan doen.



Oupa-en-Oumadag

Onthou asseblief om te **RSVP** by jul klasregisterjuffrou sodat ons weet hoeveel oupas en oumas gaan kom.

Indien daar mammas is wat bereid is om te kom help met die **voorbereidings** - ons begin om 08:00 Dinsdagoggend by die Kandelaar. Enige hulp sal waardeer word.

OUPA- EN-OUMADAG 2024

Dinsdag 15 Oktober

10:00 - 11:00 Aankoms en verversings


11:00 Program begin in kerkgebou

12:00 Piekniek saam met kleinkinders op laer-en kleuterskoolterrein asook kuier in klasse.

RSVP teen 11 Oktober by 012 332 3222

GSDP - Laer-en kleuterskool

PARKERING:
GK DIE KANDELAAR



Wit
Olifant-verkoping

HOE om te skenk?

- Skenkings kan by die kleuterskool afgelaai word.
- 1 Augustus 2024 tot 25 Oktober 2024

Wit
Olifant-verkoping

HOEKOM SKENK?

- Maak spasie: Maak plek in jou huis terwyl jy ander help.
- Ondersteun 'n goeie saak: Jou skenkings gaan aan Dirkieland kleuterskool, wat dit dan weer gaan verkoop vir spotgoedkoop.
- Fondse gaan na die Dirkieland-kleuterskool vir opknapping van die terrein of klaskamers.

Wit
Olifant-verkoping

ten bate van
Dirkieland-kleuterskool

Het jy enige items wat jy nie meer nodig het nie?
SKENK DIT VANDAG!

Dis tyd vir opruim, en ons kan help!
Skenk jou tweedehandse items en maak 'n verskil!

Wit
olifant-verkoping

ten bate van die
Dirkieland-kleuterskool



Laenskool

Atletiek

Ons oefen elke **Dinsdag** en **Donderdag** direk na skool. Word asb. deel van die atletiek-oefengroep op die skool se Whatsapp-gemeenskap.

Let asb. daarop dat atlete nou reeds moet kom oefen om **fiks** te word en die regte spiere te oefen vir die atletiekseisoen wat voorlê. Al neem jy net aan velditems deel, is fiksheid en hardloop-oefeninge steeds 'n belangrike bousteen. Atlete kan dus nie eers aanmeld vir atletiekoefening net wanneer ons die velditems begin oefen nie.

Hou die **18de Januarie 2025** oop vir ons interhuis-atletiek.



Hokkie

Alle hokkiespelers wat **kouse, stokke** en **hempies** gehuur het, moet dit asb teen **Woensdag, 16 Oktober** terugbring skool toe. Gee dit by jou klasjuffrou in. Jou naam sal afgemerkt word.

Indien jy enige **hokkietoerusting** (beenskerms, stokkie ens.) het, wat nie meer volgende jaar vir jou kind gaan pas nie, vra ons dat jy dit asseblief oorweeg om dit aan die skool te skenk. Stuur dit asseblief skool toe sodat ons dit in ons stoor kan bêre vir volgende jaar.

Gr 7-Speletjiesdag

Op DV Vrydag, 18 Oktober bied die Graad 11- diensraad 'n speletjiesdag vir die graad 7's by die hoërskool aan! Ons sien uit om die graad 7's hier te verwelkom. Meer inligting sal binnekort gekommunikeer word.

Dirkies-help-'n-ander

Baie dankie vir julle bydraes, Dirkies! Julle het daad by die woord gevoeg en sommer 'n klomp goed gebring vir ons **welsynsprojek!**

Ons het verlede kwartaal **nie-bederfbare produkte** en **klere** aan die volgende nasorgsentrums gestuur:

Ramotse gemeente in **Hammanskraal** wat ongeveer 100 kinders versorg en **Dynamic Women for children** in **Kameelfontein** wat ongeveer 50 kinders versorg. Beide hierdie instansies voorsien lewensmiddele aan kinders en maak gebruik van vrywilligers om leerlinge met huiswerk en maatskaplike probleme te help.

Kom ons sit 'n groot eindpoging in hierdie kwartaal! Maak iemand anders se vakansieseisoen 'n bietjie meer spesiaal!

Wat kan jy in jou klas se krat plaas?

Nie-bederfbare produkte, klere, iets spesiaals vir **Kersfees**. As elkeen van ons 'n pakkie opmaak met bv. iets lekkers om te eet en een of ander badprodukt, kan dit iemand anders se hart baie bly maak!

KOM ONS GEE OM

DIRKIES HELP 'n ANDER is 'n omgee-projek van die hoërskool.



In elke graadgroep se klas is 'n krat geplaas. Leerlinge bring dan dwarsdeur die maand nie-bederfbare produkte skool toe. As die krat vol is, word dit verpak en aan behoeftige persone in ons skoolgemeenskap uitgedeel.

Ons wil graag 'n verskil maak in die lewe van mense wat in nood verkeer.

Van Augustus tot November 2024





Eksamen

Die **graad 8 tot 11 leerlinge** het reeds hul eksamenroosters ontvang. Die eksamen vir die **graad 11's** begin op

Donderdag, **31 Oktober**, en die **graad 8 tot 10-leerlinge** begin op Maandag, **4 November**.

Die eksamenrooster is op die skool se webtuiste, en is ook op die ouergroep gedeel. Meer inligting rakende die eksamen sal in 'n aparte skrywe aan die ouers gestuur word.

Sagtebal 2024

Dirk Postma **0/16-meisies** eindig in die **2de** plek in die **D-liga**.

Baie geluk aan elke meisie wat hard gewerk en voluit deur die seisoen gespeel het. Dankie aan elkeen wat ons ondersteun het – ons maak volgende jaar weer so!

Atletiek 2025

Die **atletiekvoorbereidings** het reeds begin. Kontak asseblief vir Juf. Karyna of Juf. Janine vir meer inligting oor die oefeninge.

Geografie-en Lewenswetenskappe-uitstappie

Op 9 Oktober het die graad 10 tot 12 - leerlinge wat **Geografie en/of Lewenswetenskappe** het, op 'n uitstappie na die **Ditsong National Museum of Natural History** gegaan. Dit was 'n baie insiggewende en leersame ervaring. Ons het weereens die wonder van God se skepping besef, maar ook die hartseer dat die wêreld eerder glo in evolusie as in God.



Dis goed vir die leerlinge om **blootstelling** te kry aan dit wat die wêreld glo, sodat ons dit vanuit die Skrif kan weerlê – dit is ook geloofsversterkend. 'n Stop by McDonalds was 'n heerlike sosiale geleentheid om die dag mee af te sluit.



TAFELTENNIS

Afsluiting

KOM EET 'N BURGER EN
SPEEL NOG VIR
OULAAS BIETJIE
TAFELTENNIS.



RSVP op die
tafeltennisgroep



Geloofsgesprek

“CHRIST' IN ME” – ‘N ON-BYBELSE KULTE?


Sprekers: Dr. Louisa Stoker
Dr. Daniel Maritz

Vrydag 11 Oktober 2024 @ 18:30
Kerkgebou van Gereformeerde Kerk Rietvallei
Erasmuskloof



BESTEL SPESIALITEITSKOFFIE BY GEGROND

as deel van 'n fondsinsamelingsprojek
saam met **GSDP!**



Gegrond word deur twee
oudleerlinge bedryf.
**'n Deel van die wins word aan
die skool geskenk.**



Bestellings kan
elke **eerste
Vrydag** van 'n
maand by die
skool afgehaal
word.



Bestel by: <https://gegrond.co.za/gsdp/>

1ste klas
gratis!



Het jou kind 'n agterstand?

Leer jou kind sonder om te presteer?



Bereik jou kind sy/haar volle potensiaal?

In persoon of aanlyn

415 31ste laan, Villieria (By GK Bet-EI)

Kontak Leandrè: 0716116091

Klasse is R125/klas vir groepsklasse en R250/klas vir individuele klasse. Elke klas is 50 minute.

Wiskunde/ Wetenskap ekstra klasse

📍 **415 31ste laan, Villieria**
(By GK Bet-EI)

In persoon of aanlyn



Kontak Leandrè @0716116091

Wen jou Wetenskap en Wiskunde

Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240

Afleweringkoste @ R120

Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300



Win your Science and Maths

Grade 10 to Grade 12 Maths:

- * Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

Courier Costs @ R120

Grade 11 to Grade 12 Science pack:

- * Snazzy Summaries @ R130
- * Flashy Flashcards @ R70
- * Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

All the Science goodies @ R300

<https://wenwetenskap.co.za>

Helena - 0845103373

hverwey@absamail.co.za

Snapscan Kodes



Snap here to pay



Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.



Snap here to pay



GSDP-

SKOOLFONDS

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-

BOUFONDS

ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING



BLITS

Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, by Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.

Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.



MySchool MyVillage MyPlanet

PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

Plaas asseblief al u kasregisterstrokie in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokie (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houer te Cunninghamlaan te plaas.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning. Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.

